

24 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:17-32

Fokusgedeelte: DL, 3/4:3

Slegs die Heilige Gees kan 'n mens oortuig om hom te bekeer

Die beskrywing wat Paulus in Efesiërs 4:17-19 van heidene gee, geld elke mens wat nie die Here ken nie: "Hulle gedagtes lei tot niks, hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard. Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen." Daarom bely ons: "Alle mense word daarom in sonde ontvang en as kinders van die toorn gebore, onbekwaam tot enigiets goeds wat sou kon salig maak, geneig tot die kwaad, dood in die sonde en slawe van die sonde."

Erger nog is dat die mens so verdorwe is dat hy nooit vanself na die Here wil of kan terugkeer nie. Hy het homself in die sonde gedompel en wil daarin bly, selfs al sal dit hom uiteindelik die ewige lewe kos! Dit is soos iemand wat in 'n gevaarlike rivier swem. Hy weet hy kan verdrink, maar dit is nogtans so lekker dat Hy nie die reddingstou wat na hom gegooi word wil gryp nie.

So wil geen mens vanself die verlossing in Jesus Christus aanvaar nie. Hy is die reddingstou wat God na ons in die rivier van sonde gegooi het. Omdat ons nie vanself die tou wil gryp nie stuur God in sy groot genade iemand om die tou aan ons te kom vasmaak. Hierdie iemand is die Heilige Gees wat my van my sonde oortuig en wat my lei om te glo en my te bekeer.

As ek in Jesus Christus glo, dan moet ek God elke dag dank vir die Reddingstou wat Hy na my gegooi het en dat Hy boonop nog sy Gees gestuur het om die Tou aan my te kom vasmaak!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~